higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010454)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit A4-tikpapier

Kandidate moet hul eie toerusting en hulpmiddels bring wat vir Patroonkonstruksie nodig is. Slegs die blokke wat in hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.

Kandidate het tekeninstrumente en 'n swart fynomlynpen nodig.

Sakrekenaars kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die deel van die kraag tussen die rollyn en styllyn:

A Strook
B Rol
C Val
D Breeklyn

1.2 Die lyftoenamemate he body rise measurement word/is …

A horisontaal geneem.
B 'n omtrekmate.
C 'n vertikale mate.
D om die sitvlak geneem.

1.3 'n Prinseslyn loop deur die …

A buustepunt.
B nekpunt.
C skouerpunt.
D synaat.

1.4 Naatspeling vir kinderdrag behoort …. te wees.

A 2 cm
B 1 cm
C 1,5 cm
D afhangend van die soort naat

1.5 Wanneer 'n matrooskraag ontwerp word, is die oorvleueling van die skouernate by skouerpunt …

A 5 cm.
B 5 mm.
C 2 cm.
D 3 cm.

Kopiereg voorbehou

1.6 EEN is 'n tipe platkraag:

A Klassiek
B Hempskraag
C Matrooskraag
D Standaardomslaankraag

1.7 EEN van hierdie krae is 'n tipe standaardkraag:

A Hempskraag
B Peter Pan-kraag
C Standaardomslaankraag
D Matrooskraag

1.8 Kraag wat as deel van die uitrusting gesny word:

A Mandarynkraag
B Klassieke rolkraag
C Matrooskraag
D Peter Pan-kraag

1.9 Krae met lapelle:

A Hempskrae
B Klassieke rolkrae
C Mandarynkrae
D Standaardomslaankrae

1.10 Die buitenste rand van die kraag:

A Neklyn
B Middellyn
C Styllyn
D Val

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verduidelik elk van die volgende terme vir patroonmerke:

2.1 Draadlyn

2.2 Vouhakie

2.3 Snylyn

2.4 Paslyn

2.5 Naatspeling

2.6 Kepe

2.7 Rygplooitjies

2.8 Skuinstes

2.9 Snyinstruksie

2.10 Soomspeling

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Identifiseer die gereedskap en toerusting en noem hul gebruike in die maak van patrone.

3.1



3.2



3.4



3.6



3.5

3.8



3.7



3.9



3.10



(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

1. AL die ontwerpe moet volgens die gespesifiseerde skaal gemaak word.

2. Ontwerpe MOET op WIT TIKPAPIER gedoen word. Gebruik 'n swart fynlynpen om duidelike konstruksielyne te maak. Moenie die ontwerpe uitsny nie. PLAK die ontwerp(e) in die ANTWOORDBOEK.

3. Dit is NIE nodig om enige van die blokke na te trek vir die beplanning en manipulering nie. Daar word genoeg basiese blokke vir die beplanning en manipulering voorsien. Gebruik die WIT TIKPAPIER vir manipulasies.

4. Manipulasies moet direk in die ANTWOORDBOEK geplak word en voeg dan soomspelings by, indien nodig.

5. GEEN los dele sal nagesien word nie.

6. Nommer AL die vrae duidelik en korrek.

7. MOENIE rooi of groen penne gebruik nie.

VRAAG 4

Ontwerp die BASIESE LYFIEBLOK vir DAMES, grootte 13 volgens VYFDE SKAAL deur gebruik te maak van die volgende mates en instruksies:

VEREISTE MATES:

Skaal (½ borsmate)	44 cm
Bors	88 cm
Agterste wydte	33 cm
Agterste lengte (agternek tot middellyn)	40,5 cm
Middellyn	66 cm
Pylnaatlengte	14 cm
Pylnaatwydte	4 cm

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES:

Merk punt 0 ongeveer 10 cm na regs en 12 cm na onder van die boonste linkerhoek af.

0–1 = ¼ van die skaal plus 9 cm afwaarts gemeet (20 cm)
Maak haaks na regs vir die armsgatdieptelyn



0–2 = Die middelste agterste lengte afwaarts gemeet (40,5 cm). Maak haaks oorkruis na regs.

0–3 = Halfpad tussen 0 en 1. (10 cm). Maak haaks oorkruis na regs.

2–4 = 2 cm na regs. Verbind 0 met 4 vir die nuwe middelste agterlyn. Merk punt 3A na regter 3 op die nuwe middelste agterlyn.

5 = Merk punt 5 waar die nuwe agterste lyn die lyn wat haaks gemaak is van 1, kruis.



0–6 = 1/6 van skaal minus 6 mm na regs haaks gemaak (agternek) (6,7 cm).

6–7 = 2 cm haaks na bo. Buig van 7 na 0 vir die agternek.

3A-8 = Halwe agterste wydte se mate na regs gemeet (16,5 cm).
Afwaarts haaks gemaak en punt 9 oo die armsgatlyn gemerk.

5–10 = 2/3 van die skaal minus 1,2 cm haaks gemaak na regs (28cm).

10–11 = 1/6 van die skaal na regs haaks gemaak (7,3 cm). Na boonste konstruksielyn haaks gemaak en merk punt 13



5–12 = ½ borsmate plus 2,5 cm vir gemak haaks gemaak na regs (46,5 cm).
Boontoe en ondertoe haaks gemaak vir die middellyn

13–14 = 1/12 van die skaal minus 1,2 cm opwaarts haaks gemaak (2,5 cm)

3A–15 = 2 cm opwaarts gemeet op die nuwe middelste agterlyn. Verbind 15 en 14 en verleng hierdie lyn na die middelste voorste lyn



16 = Haaks gemaak van 8 en merk punt 16 om die lyn wat 14 en 15 verbind te kruis.

16–17 = 1,2 cm na regs gemeet na die 14 tot 15 lyn. Verbind 7 met 17 vir die agterste skouerlyn

14–18 = Die agterste skouerlynmate minus 6 mm na links gemeet op die 14 tot 15 lyn

18–19 = 2 cm afwaarts haaks gemaak.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

10–20 = 4 cm opwaarts haaks gemaak. Verbind 19 met 20 en merk punt X. X = 1,2 cm na regs van hierdie lyn na die borslyn (die lyn haaks gemaak van punt 3). Verbind 19 met X tot 20 met 'n boog vir die voorste armholte. Buig geleidelik afwaarts na die armsgatlyn en op na 8 en 17. Merk die agterste skuinspunt (BP) by punt 8.

Merk die voorste skuinspunt (FP) waar 2 cm haaks is met die armsgatlyn, en raak aan die voorste armholte boog na links van punt 10. Middelste voorste lyn na 21 = 1/6 van die skaal minus 6 mm na links haaks gemaak op die 14 na 15 lyn. (6, 7 cm).
(Om punt 21 te kry, word die gestelde vierkant op die middelste voorste lyn geplaas. Beweeg die gestelde vierkant op totdat die 6, 7 cm die 14 na 15 lyn raak.)



22 = Plaas die gestelde vierkant op die middelste voorlyn en punt 21 om punt 22 op die middelste voorste lyn te kry

22–23 = 1/6 van die skaal afwaarts gemeet (7,3 cm). Verbind 21 en 23 met 'n boog vir die voorste neklyn.

24 = Afwaarts haaks gemaak van punt 12 tot by die middellyn en merk 24.

25 = Merk punt 25 langs punt 24 op die middellyn vir middelste voorste lengte

26 = Halfpad tussen 10 en 12



26–27 = Maak die 14 na 15 lyn haaks en merk punt 27

27–28 = Dieselfde mate as 14 tot 21 na links gemeet. Draai op punt 26 (26 tot 28 = dieselfde mate as 26-27). Verbind 28 met 29.

29 = Halfpad tussen 9 tot 10. Maak haaks tot 30 op die middellyn.

4–31 = ¼ middellynmate plus 2, 5 cm (vir lyfie se agterste naat) na regs gemeet (19 cm). Verbind 29-31.



4–33 = 7, 5 cm na regs gemeet

33–34 = 2, 5 cm (pylnaatspeling) na regs gemeet. Vind die pylnaat se middellyn. Maak haaks van 16 cm. Voltooi die pylnaat.



24–32 = ¼ middellynmate plus 4 cm (vir lyfie se voorste naat) na links gemeet (20,5 cm). Verbind 29-32. Maak haaks na die middellyn van 26 vir pylnaatmiddellyn. Voltooi die pylnaat. Benoem die blok.

[50]

VRAAG 5

Bestudeer die sketse hier onder en gebruik die volgende mates om meisies se bostukke saam te stel met knope aan die agterkant met verlengde belegsel op halfskaal. Gebruik die vyfjarige meisielyfieblok in BYLAE A (aangeheg).



MATES

Belegseldiepte	5 cm
Knoopdeursnee	1,5 cm
Knoopstrook	1,5 cm
Naatspeling	1,5 cm
Belegselrant	5 mm
Knoopspasiëring	7 cm

5.1 Dien die beplanning van die agterkant in (15)

5.2 Dien die beplanning van die voorkant in (10)

5.3 Dien die finaal van die agterkant in (15)
[40]

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES

5.1 Agter
Dui die middel agterkant aan
Voeg die (1,5 cm) knoopstrook by
Merk die knoopsgate op die middelste agterlyn
Knoopsgate oorvleuel by die voorste middellyn by 3 mm
Tken die agterste belegsel (5 cm)
Benoem die patroon en teken die draadlyn

5.2 Voor
Dui die middel voorkant aan
Teken die 5 cm voorste belegsel
Benoem die patroon en teken die draadlyn

5.3 Finaal agterkant
Teken die agterste patroon na
Vou die patroon op die voulyn
Verleng die patroonstukke vir verlengde
Dui knoop en knoopsgate aan
Voeg die naatspeling by
Benoem die patroonstukke en voeg die draadlyn by
Merk die kepies

VRAAG 6

Ontwerp 'n vyfjarige seunshempskraag volgens halfskaal deur gebruik te maak van die volgende instruksies en mates:

MATES

Nekomtrek	28,5 cm
Knoopstrook	1,5 cm
Kraagdiepte	5 cm
Kraagstrook	2,5 cm

6.1 Ontwerp die vyfjarige seunshempskraag (15)

6.2 Trek die kraag na (5)

6.3 Trek die kraagstrook na (5)
[25]

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES

0–1 = Halveer die nek se omtrek na regs
1–2 = 1,5 cm knoopstrook to the right
1–3 = 2,5 cm kraagstrook square up
3–4 = 1,5 cm knoopstrook
0–5 = 2,5 cm kraagstrook haaks gemaak

Fatsoeneer die kraagstrook 0-2, 2-4 en deur 3 tot 5

3–6 = 6 mm haaks gemaak
5–7 = 5 cm
6–8 = 6,5 cm vir kraagfatsoen. Plaas op verlangde rant

Fatsoeneer die val van die kraag deur 7-5-6-8 te verbind.

Benoem die draadlyn, merk die voorste middel en agter

Benoem die patroon

VRAAG 7

Manipuleer die gepofde mou van 'n vyfjarige meisie volgens halfskaal. Gebruik die volgende mates. Gebruik die moublok in BYLAE B (aangeheg).

MATES

Kortmoulengte	21,5 cm
Mouomslaglengte	16 cm
Mouomslagwydte	3 cm
Pof	20 cm
Naatspeling	1,5 cm

Gebruik enige metode

7.1 Beplanningstadium van pofmou (20)

7.2 Finaal van die reguit mouomslag (15)

[35]

INSTRUKSIES

7.1 Gebruik die mou vir meisies. Dui die draadlyn en armsgatlyn by die onderarmpunt aan, meet 5 cm van die onderarmpuntsynaat en maak haaks oorkruis. Maak haaks ondertoe van die agterkant en die voorste skuinspunte
Verdeel die middeldele in 5 dele
Versprei elke splitlyn met 4 cm



7.2 A–B = 16 cm
A–C = Twee maal die grootte van die mouomslagdiepte (6 cm)
C–D = A–B (16 cm)
D–B = A–C (6 cm)



Voeg soomspeling by en benoem die patroon.

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou